HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

SPESIFIEKE OUEROMSENDBRIEF NR 29 VAN 2017

27 Julie 2017

Geagte Tennisouer/-voog

TENNISTOER NA BETHLEHEM: 6 TOT 9 SEPTEMBER 2017

U kind is gekies om die toer na Bethlehem vanaf Woensdag, 6 September 2017 tot Saterdag, 9 September 2017 mee te maak.

Dié toer vir laerskole is reeds jare lank bekend as ’n baie suksesvolle toernooi. Hoërskool Randburg het verlede jaar deelgeneem en is genooi om weer vir 2017 in te skryf.

Me. R van Heerden, me S de Kock en mnr Brits sal die spanne vergesel en optree as spanbestuurders. Verblyf is bespreek by dieselfde gastehuis waar ons verlede jaar tuisgegaan het. Wedstryde word by skole en klubs in en om Bethlehem gespeel.

Ouers is welkom om ook die toernooi by te woon. U moet egter self reis- en verblyfreëlings tref. ’n Lys van verblyfplekke is beskikbaar indien verlang.

Die toerkoste beloop R2100-00 per speler (waarvan ‘n R1000-00 deposito betaal moet word voor 15 Augustus 2017) en sluit die volgende in:

- Koste van toernooi.
- Verblyf vir drie aande in ’n gastehuis.
- Ontbyt, middagetes en aandetes.
- Vervoerkoste

Dié bedrag moet asseblief in die skool se rekening inbetaal word:

Absa Bank
Rekeninghouer: Hoërskool Randburg
Rekeningnommer: 170 680 065
Takkode: 632005

Verwysing: Kind se naam en van en Ten 17.

Aangeheg is ’n vrywaringsvorm asook vorm vir mediese besonderhede. Dit sal waardeer word as u beide vorms saam met die bewys van betaling so spoedig moontlik kan terugstuur sodat die finale reëlings getref kan word. Alle vorms kan by me. Van Heerden ingehandig word.

TENNISORGANISEERDER **P. BOOYSEN: HOOF**

✂----------

TENNISTOER NA BETHLEHEM: 6 TOT 9 SEPTEMBER 2017

Hiermee gee ek, _____ ouer / voog van _____ toestemming dat hy / sy die tennistoer mag meemaak. Ek onderneem om die volle toerkoste van R_____ voor of op 29 Augustus 2017 te betaal.

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG: _____